KIXPIRASIE KWARTAAL 3 2020

Versorg jou KIX-leiers aanlyn

Klippe en vere

Vooraf:

- Kom ooreen om jou leiers op ‘n spesifieke dag en tyd aanlyn te ontmoet via byvoorbeeld WhatsApp group call of Zoom
- Vra hulle om ‘n klip, ‘n khoki en ‘n veer (of prentjie van ‘n veer) reg te hê

Byeenkoms:

Almal is ontwrig deur die *lockdown*. Gesels met mekaar oor die volgende:

- Hoe gaan dit met jou?
- Watter uitdagings dra jy swaar aan?
- Wat steel jou tyd of jou vreugde?
- Wat mis jy die meeste van KIX groepe?

Elkeen skryf nou ‘n woord/e op hulle klip neer wat hul aan hulle eie laste laat dink.

Hou die klip vas terwyl jy jou laste met God deel.

Lees nou **Psalm 103:1-5** saam. Jul kan die lied ook sing as jul dit ken.

Deel nou met mekaar:

- Watter beloftes en hoop gee hierdie gedeelte vir jou?

Neem nou ‘n veer in die hand as ‘n herinnering aan die belofte wat God vir ons gee dat Hy vir ons die krag van ‘n arend gee.

Bemoedig mekaar.

Sluit af met ‘n dankgebed.